# Algemene Regulasies en Reëls van die Universiteit van Pretoria en die Woordverklarings.

## Algemene Reëls

### Die gebruik van UP rekenaarfasiliteite

Die gebruik van die Universiteit se rekenaarfasiliteite is onderhewig aan die Gedragskode vir Gebruikers van die Studenterekenaarsgebruikersomgewing. Optrede in stryd met die Kode, sal ooreenkomstig die bepalings daarvan hanteer word. Die Kode kan besigtig word by www.up.ac.za/services/it/documentation/docs/ITS1208.pdf Alle gebruikers word verplig om eers die Gedragskode te lees en hul daaraan te onderwerp alvorens hulle die rekenaarfasiliteite mag gebruik. ’n Hardekopie van die Gedragskode is op aanvraag by die verskillende studenterekenaarlaboratoria beskikbaar.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.